



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NOVEMBER 2018

GRAAD 10

REKENINGKUNDE
VOORBEELDVRAESTEL 2 (A)

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n 12 bladsy-antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel voorsien. Jy kan dit gebruik soos benodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 20 punte; 15 minute	
Onderwerp	Hierdie vraag integreer:
BTW	BTW-begrippe en berekeninge
Etiek	Etiese oorwegings

VRAAG 2: 35 punte; 30 minute	
Onderwerp	Hierdie vraag integreer:
Versoenings	Krediteurekontrolerekening
	Krediteurelys

VRAAG 3: 40 punte; 30 minute	
Onderwerp	Hierdie vraag integreer:
Vaste bates en Voorraad	Vaste bates - Interne beheer en ouditprosedures
	Deurlopende voorraadstelsel – optekening en interne beheer

VRAAG 4: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Vervaardigingsbegrippe en basiese kosteberekeninge

VRAAG 5: 25 punte; 20 minute	
Onderwerp	Hierdie vraag integreer:
Begrotings	Definisies en bewerkings

VRAAG 1: BTW; ETIEK**(20 punte; 15 minute)****BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

1.1 Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die nommers (1.1.1 - 1.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 BTW word op alle goedere en dienste gehef.

1.1.2 Alle formele besighede is verplig om vir BTW te registreer.

1.1.3 Besighede moet hul BTW-opgawes by die SAID indien.

1.1.4 Uitset-BTW is die BTW op verkope wat die besigheid ontvang. (4)

1.2 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (d).

Let daarop dat die standaardkoers vir BTW 15% is.

BTW (INKLUSIEF)	BTW (EKSKLUSIEF)	BTW-BEDRAG
(a)	R1 300	R195
R2 760	(c)	(b)
(d)		R525

(8)

1.3 MDUNGE HANDELAARS

Mdunge Handelaars is vir BTW geregistreer. Die BTW-koers van 15% is van toepassing.

GEVRA:

1.3.1 **Verwys na Inligting A:**

Bereken die BTW wat die besigheid moet betaal of ontvang. (2)

1.3.2 Jy het ontdek dat die BTW-bedrag nie op die vasgestelde datums inbetaal is nie. By navrae is vasgestel dat die bestuurder die BTW-geld gebruik het om besigheidsuitgawes te betaal. Stel EEN oplossing aan die bestuurder voor en verduidelik waarom jy hierdie oplossing aanbied. (4)

1.3.3 Mpumi, die eienaar, het aan die boekhouer voorgestel dat hulle BTW hef op alle goedere wat hulle verkoop (insluitend die nulkoersitems), maar dat hulle 'n aparte joernaal vir die BTW betaalbaar aan SAID hou.

- Lewer kommentaar op hierdie voorstel. Verskaf EEN aspek. (2)

INLIGTING:

A.	BTW van Verkope van goedere	R5 280
	BTW op munisipale dienste (water en elektrisiteit)	R 279
	BTW betaal op aankope van handelsvoorraad	R3 870

20

VRAAG 2: VERSOENING**(35 punte; 30 minute)**

Die inligting hieronder het betrekking op Charl Handelaars vir Oktober 2018.

GEVRA:

- 2.1 Verduidelik waarom die Krediteurekontrolerekening en die totaal van die Krediteurelys dieselfde moet wees. (2)
- 2.2 **Verwys na die Krediteurekontrolerekening (Inligting A) en Inligting C:**
Toon die regstellings van die Krediteurekontrolerekening deur die tabel wat voorsien is, te voltooi. Gebruik slegs positiewe bedrae in die debiet- of kredietkolom.
Bereken die korrekte Krediteurekontrolerekening-saldo op 31 Oktober 2018. (11)
- Verwys na Inligting B en C:**
- 2.3 Voltooi die korrekte Krediteurelys op 31 Oktober 2018.
Toon alle bewerkings langs elke betrokke Krediteur. (18)
- 2.4 Charl wil die bestuur van sy krediteure verbeter. Verskaf TWEE interne beheer maatreëls wat hy kan gebruik om sy doel te bereik. (4)

INLIGTING:

- A. Die foutiewe Krediteurekontrolerekening voordat Inligting C in ag geneem is:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN CHARL HANDELAARS**Dt.****KREDITEUREKONTROLE****Kt.**

2018 Okt	31	Bank en korting ontvang	KBK	62 910	2018 Okt	1	Saldo	a/b	48 735
		Totale terugsendings en afslag	KAJ	3 510		31	Krediet aankope	KJ	72 480
		Joernaaldebite	AJ	2 250			Joernaalkrediete	AJ	1 450

- B. Die foutiewe Krediteurelys op 31 Oktober 2018:

KREDITEURE	DEBIET	KREDIET
Green Winkels		14 255
Becker Bpk.		13 505
Suns Pakstoor		5 685
Lamb Verskaffers		8 940
Brown Winkels	1 315	
ZZ Verspreiders	2 120	
Best Bakkerij		9 615

C. ADDISIONELE INLIGTING

- (i) Die totaal in die Krediteurejoernaal is met s R2 000 te min opgetel.
- (ii) As gevolg van 'n berekeningsfout is Becker Bpk. se saldo op hul krediteuregrootboekrekening as R13 505 getoon in plaas van R23 505.
- (iii) 'n Faktuur vir goedere aangekoop van Suns Pakstoor, R895, is in die Krediteurejoernaal as R985 aangeteken en so oorgeboek.
- (iv) 'n Debietnota van R960 is aan Suns Pakstoor uitgereik vir goedere aan hulle teruggestuur. Hulle het die terugsending aanvaar, maar geen inskrywing is vir hierdie transaksie in die boeke van Charl Handelaars gemaak nie.
- (v) 'n Faktuur vir R1 460 wat van Brown Winkels ontvang is en korrek in die joernale opgeteken is, is verkeerdelik na die krediteure grootboek van Lamb Verskaffers oorgeboek.
- (vi) Die Krediteurekontrole-kolom in die Kontantbetalingsjoernaal sluit 'n bedrag van R2 120 in wat aan ZZ Verspreiders vir kontantaankope betaal is.
- (vii) Goedere vir R1 285 is aan Best Bakkery teruggestuur en korrek in die Krediteure-afslagjoernaal aangeteken. Dit is egter na Best Bakkery se rekening in die Krediteuregrootboek as aankope oorgeboek.

VRAAG 3: VASTE BATES EN VOORRAAD**(40 punte; 30 minute)****3.1 VASTE BATES**

Die inligting het betrekking op **Malan Handelaars** vir die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2018 geëindig het.

GEVRA:

3.1.1 Gee EEN rede waarom 'n vastebateregister 'n nuttige beheerinstrument vir vaste bates is. (2)

3.1.2 Bereken die waardevermindering op voertuie vir die jaar wat op 28 Februarie 2018 geëindig het. (6)

Bereken die drawaarde (boekwaarde) van voertuie op 28 Februarie 2018. (4)

3.1.3 **Verwys na INLIGTING C**

Jy word voorsien van 'n bladsy uit die Vastebateregister vir 'n Toerusting-item ('n vertoonyskas).

- Bereken die ontbrekende bedrae **(i) tot (iv)** in die uittreksel voorsien. Toon bewerkings. (8)

3.1.4 Die eienaar van Malan Handelaars is bekommerd oor die bestuur en veiligheid van die voertuie, ten spyte daarvan dat hulle sekuriteitskameras geïnstalleer het.

Die volgende is gerapporteer:

- Voertuie word nie op die terrein geparkeer/teruggebring aan die einde van 'n werksdag ni;
- Sommige werknemers gebruik die besigheidsvoertuie vir hul persoonlike gebruik.

(i) Verduidelik EEN gevolg van bogenoemde praktyke.

(ii) Stel EEN beheermaatreël voor wat Malan Handelaars kan instel om hul voertuie se interne beheer te verbeter. (4)

INLIGTING:**A. UITTREKSEL UIT DIE VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018**

Balansstaatrekeninge-afdeling	Debiet R	Krediet R
Voertuie (kosprys)	360 000	
Toerusting (kosprys)	128 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2017)		108 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2017)		24 320

LET WEL:

'n Nuwe afleweringsmotorfiets, kosprys R60 000, is op 1 September 2017 aangekoop en korrek op hierdie datum in die boeke ingeskrif.

B. WAARDEVERMINDERING

Waardevermindering word soos volg voorsien:

- Voertuie: 20% p.j. op kosprys.
- Toerusting: 10% p.j. op die verminderde saldo-metode.

C. UITTREKSEL UIT DIE BATEREGISTER

MALAN HANDELAARS			
Item	Vertoonyskas	Aangekoop van	Snowfreez Bpk
Aankoop-datum	1 Maart 2016	Kosprys	R26 000
Waardeverminderingsmetode		10% op verminderde saldo	
DATUM	WAARDEVER-MINDERING	OPGEHOOPTE WAARDEVER-MINDERING	DRAWAARDE
28 Feb 2017		2 600	(i)
28 Feb 2018	(ii)	(iii)	(iv)

3.2 VOORRAAD

Die inligting hieronder het betrekking op Manfred Handelaars vir Mei 2018. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel om handelsvoorraad op te teken en te bestuur.

GEVRA:

3.2.1 Verskaf enige EEN kenmerk van die deurlopende voorraadstelsel. (2)

3.2.2 Neem al die relevante inligting in ag om die vrae in die ANTWOORDBOEK te beantwoord.

(i) Voorsien die ontbrekende besonderhede (kontrarekening) vir **(i)** aan die debietkant. (1)

(ii) Die **totale kontantverkope** vir Mei 2018 was R79 200. Bereken die bedrag vir **(ii)** in die Handelsvoorraadrekening. (2)

(iii) Voorraad, kosprys R1 600, is aan die DBV geskenk. Hierdie goedere is teen 'n spesiale prys gemerk, R2 400. Die boekhouer het geen inskrywing vir hierdie transaksie gemaak nie. Toon die korrekte dubbelinskrywing vir hierdie transaksie. (3)

(iv) Bereken die Handelsvoorraadrekening se saldo op 31 Mei 2018 (voor die fisiese voorraadopname):
LET WEL: Sluit jou antwoorde vir (ii) en (iii) hierby in. (4)

(v) Na 'n fisiese voorraadopname op 31 Mei 2018, is die werklike waarde van die handelsvoorraad voorhande R1 230 minder as die saldo van die Handelsvoorraadrekening.
Stel TWEE moontlike redes voor waarom hierdie bedrae van mekaar verskil. (4)

INLIGTING:

A. Manfred Handelaars gebruik 'n winsgrens van 60% op kosprys.

B. ALGEMENE GROOTBOEK VAN MANFRED HANDELAARS

Dt. **HANDELSVOORRAAD** Kt.

2018 Mei	1	Saldo	a/b	57 300	2018 Mei	31	Koste van verkope	KOJ	(ii)
	31	Bank	KBJ	9 480			Koste van verkope	DJ	23 850
		(i)	DAJ	1 020			Krediteurekontrole	KAJ	2 100
		Krediteure- kontrole	KJ	31 300					
		Kleinkas	KKJ	150					
				99 250					

VRAAG 4: VERVAARDIGING**(30 punte; 25 minute)****4.1 BEGRIPPE**

Kies die woord/frase uit die gegewe lys om die stellings te voltooi. Skryf slegs die woord/frase langs die vraagnommer (4.1.1-4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

indirekte materiaal; veranderlike;	direkte arbeid; produksie;	primêre; direkte materiaal	indirekte arbeid;
---------------------------------------	-------------------------------	-------------------------------	-------------------

- 4.1.1 Die ... koste verander soos wat die aantal eenhede vervaardig, verander. (3)
- 4.1.2 Die koste van glas in die vervaardiging van gloeilampies is 'n ... koste. (5)
- 4.1.3 Grondstowwe gebruik en direkte arbeid gebruik in die fabriek is gelyk aan totale ... koste. (5)
- 4.1.4 Die fabrieksvoorman se salaris is 'n ... koste. (2)

4.2 KOSTEBEREKENINGE

Die inligting hieronder het betrekking op Mandy Moore wat hamburgers by haar skool se snoepwinkel teen 'n winsopslag van 80% op kosprys verkoop.

GEVRA:

- 4.2.1 Bereken die volgende koste-items per dag:
- (i) Direkte arbeid (3)
 - (ii) Direkte materiaal (5)
 - (iii) Fabrieksbokoste (5)
 - (iv) Totale produksiekoste (2)
 - (v) Koste per hamburger (2)
 - (vi) Verkoopprys per hamburger (3)
- 4.2.2 Mandy is van mening dat sy haar wins kan verhoog deur kostes te verminder. Sy wil fokus op direkte materiaalkoste en fabrieksbokoste.
- Stel TWEE koste-verminderingsmaatreëls vir direkte materiaalkoste en EEN maatreël vir fabrieksbokoste voor wat sy kan instel. (6)

INLIGTING

- A.** Mandy verkoop al die hamburgers wat sy daaglik voorberei. Let daarop dat haar winsgrens 80% op kosprys is.

B. HAMBURGER-BESTANDDELE (GRONDSTOWWE) PER DAG

	R
30 pakkies hamburger vleispatties (10 per pakkie)	2 680
25 dosyn broodrolletjies teen R15 per dosyn	?
Blaarslaai, tamaties en hamburgersous	165

C. ANDER UITGAWES

- Mandy se niggie, Jody, word R2,50 per hamburger per dag betaal om die hamburgers te maak.
- Skoonmaakmiddels, R120 per dag.
- 'n Ekstra fooi die snoepwinkelskoonmaker; 40% van haar daaglikse loon van R400.
- Daaglikse huur van die skool se snoepwinkel, R250.

VRAAG 5: BEGROTINGS**(25 punte; 20 minute)**

Twee netbalspanne van Mountain Hoërskool beplan om aan 'n provinsiale toernooi op Mthatha deel te neem. Die eerste netbalkaptein vra jou hulp om 'n bgroting vir hierdie toer op te stel.

GEVRA:

5.1 Voltooi die volgende sin:

'n Begroting is 'n ...

(2)

5.2 Bereken die volgende bedrae vir die begroting:

5.2.1 Totale verwagte ontvangste (voordat die verwagte bydrae van spelers bereken is)

(4)

5.2.2 Totale verwagte betalings (voltooi die tabel wat voorsien is)

(12)

5.2.3 Die totale koste wat deur die spelers gedra moet word.

(3)

5.2.4 Die bedrag wat ELKE SPELER vir die toer sal moet bydra.

(2)

5.3 Die toer-organiseringskomitee, vermoed dat sekere sleutelspelers nie die minimumbedrag betaalbaar deur elke speler, sal kan bekostig nie. Stel TWEE moontlike metodes voor waarop addisionele fondse verkry kan word om hierdie spelers finansiëel te ondersteun.

(2)

INLIGTING

A. Die toer word gereël vir 16 spelers en 2 afrigters. Die koste van die twee afrigters sal deur die spelers se bydraes en enige ander fondse ontvang, gedek word.

B. BORGSKAP AND DONASIES

- Die skool het 'n borgskap van R1 000 per speler van Lightning Sports ontvang.
- 'n Donasie van R5 000 sal van die Gemeenskaps Trustfonds ontvang word.

D. VERVOER & VERSEKERING

- 'n Minibus sal teen R3 000 vir die week gehuur word, plus 'n addisionele R2 per km. Die afstand na en van Mthatha is 850 km. (retoer)
- 'n Versekeringsfooie van R15 per passassier is aan die verhuringsmaatskappy betaalbaar.

E. VERBLYF

Die groep gaan vier nagte in drie kamers tuisgaan teen R1 120 per kamer per nag.

F. ETES EN VERVERSINGS

R400 per persoon word vir die hele duur van die toer begroot.

G. SPORTTOERUSTING

'n Totaal van R7 390 sal aan spanuitrustings, netbalskoene en ander afrigtingstoerusting spandeer word.

25

TOTAAL:**150**